Landbouweekblad 23 Februarie 2007

Deur ANDRIES GOUWS agouwss@landbou.com

Nog 'n inskrywing in ons kompetisie vir boereplanne en -patente wat werk. Elke maand word twee wenners aangewys. Hulle wen elk 'n kontantprys van R5 000.

'n Masjien wat plastiek kerf, het onbepland gelei tot 'n nywerheid wat aan talle mense 'n inkomste bied. 'n Wye reeks kussings, duvets en selfs slaapsakke word vervaardig.

Plastiekkerwer skep NUWE BEDRYF

Toe hy in 2004 die eerste Suid-Afrikaanse werktuig ontwikkel het om plastiek mee te kerf, het mnr. Philip Coetzee nooit gedink dat dit tot 'n omvangryke bedryf sou lei wat 48 500 kussings per maand maak en waardeur 68 ton plastiek uit die omgewing gehaal word.

Maar dit is presies wat gebeur het. Hy het 'n prototipe-plastiekkerwer by sy onderneming, Gentag, op Hartbeesfontein in Noordwes gebou en dit in 2004 by die Nampo-Oesdag vertoon. Dié onderneming ontwikkel en vervaardig landbouwerktuie.

Hy het die kerwer stelselmatig verbeter sodat dit vandag goed kers vashou by buitelandse modelle wat tot R300 000 kos. Daarteenoor kos sy kerwer R57 000.

Die masjien het vier lemme wat stilstaan en twee wat teen hulle verbydraai en die plastiek kerf. 'n Sif beheer die grootte van die stukkies plastiek wat gekerf word. Die stukkies word dan deur 'n waaier uitgeblaas. Aan die eenheid is 'n rolsaaglem waarmee 'n mens stukke plastiek wat te groot is, kleiner kan sny voordat jy dit in die masjien voer.

Vir kussingstopsels word 'n sif met openinge van 12 mm gebruik. Dan kan die masjien sowat 112 kg plastiek per uur kerf.

Dit was toe hy een van sy klante in Botswana besoek het dat hy 'n groot sak van die gekerfde plastiek huis toe gevat het. Onderweg het die sak van die bakkie afgewaai en die gekerfde plastiek het die hele pad vol gelê. Hy't die sak gaan optel. Toe hy voel hoe sag en donsig die plastiek is, het die plan posgevat.

By die huis moes sy vrou, Maritha, dadelik 'n kussing maak en hy slaap vandag nog daarop.

Toe hulle sien hoe lekker die kussings werk wat met plastiek opgestop is, het hulle al hoe meer verskillende soorte kussings begin maak. Hulle het toe op die gedagte gekom om meer mense by die onderneming te betrek.

Vandag het hulle 'n geregistreerde handelsmerk, Sweet Dreams, en rus hulle ander mense toe om aan die onderneming deel te neem.

Hulle het nou twaalf vervaardigers wat plastiek in hul omgewing herwin. Só 'n vervaardiger verkry die reg om die kussings te vervaardig. Hy word dan toegerus met 'n plastiekkerwer, 'n nywerheidsverseëlmasjien, 'n nywerheidsnaaimasjien en 'n elektroniese skaal. Saam met dié toerusting kry hy genoeg slope vir 'n maand se produksie.

Die toerusting en die reg om die kussings te mag maak, kos die vervaardiger sowat R126 000. Die toerusting word dan sy eiendom. Mense wat die kerwer los wil koop vir ander gebruike, kan dit doen.

Net laedigtheid-poli-etileen word gebruik en die vervaardigers herwin dit op allerhande maniere. Só verwyder hulle baie plastiek wat die omgewing sou besoedel. Maar daar is steeds ontsaglik baie plastiek wat herwinbaar is. Elke maand is sowat 400 000 ton vars plastiek in die land beskikbaar, sê Coetzee.

Die vervaardiger versamel die plastiek, versnipper dit en stop die vereiste gewig versnipperde plastiek (gemiddeld 1,3 kg per kussing) in die slope. Die slope is aan drie kante toe en die vervaardiger werk die laaste naat toe.

Daar is 'n kenteken aan die sloop. Die sloop word in 'n plastieksak gesit en verseël. Die kussings word aan die einde van elke maand by die vervaardigers versamel en hulle kry R23,25 per kussing. As hulle self 'n mark daarvoor kry, kan hulle die kussings teen R43,00 stuk verkoop.

Maritha sorg vir die ontwerp van die verskillende kussings, maak voorbeelde en sny die slope. Die gesnyde materiaal word dan weer op Hartbeesfontein gegee aan werklose vroue en huisvroue wat 'n ekstra sakgeldjie wil verdien. Hul verantwoordelikheid is om die nate toe te werk.

Daar is nou tien vroue wat die werk doen. Van hulle verdien meer as R2 000 per maand met die ekstra werk.

"Ons het nooit verwag dat daar só 'n groot vraag na die kussings sal wees nie. Ons mik nou daarna om tot 36 vervaardigers te gebruik, want die sowat 48 500 kussings wat ons per maand lewer, is nie genoeg nie. Die vraag na die kussings beloop tans ongeveer 300 000 per maand.

"Dit is duursame kussings wat met 'n lewenslange waarborg op die stopsel teen 'n bekostigbare prys verkoop word. Dit is ten volle wasbaar en is ook beskikbaar met slope wat van 'n soort materiaal gemaak is wat keer dat die kussing deur swamme en bakterieë besmet word.

"Daar is veral 'n groot vraag uit die mediese omgewing. Tehuise vir bejaardes het baie versoeke vir spesiale kussings om die bejaardes te help teen druksere en te keer dat hulle nie van hul bed afval nie.

"Ons maak nou ook kussings met slope wat van valskermmateriaal gemaak word vir kampeerders. As só 'n kussing vuil word, vee jy net die sloop met 'n nat lap af," sê Coetzee.

Hulle maak altesame 23 verskillende produkte, waaronder babakussings, die spesiale kussings vir siek en bejaarde mense en kussings vir troeteldiere. Daarby kom nog duvets en kussings vir tuinstoele. Die nuutste ontwikkeling waaraan hulle werk, is slaapsakke en matrasse.

Die onderneming het nou al oor die landsgrense uitgebrei. Terwyl Coetzee in Mosambiek was, waar hy 'n onderneming gevestig het wat landbouwerktuie verskaf, het hy gesien die plaaslike mense vleg oulike troeteldiermandjies wat hulle langs die paaie en op die straatmarkte verkoop.

Hy het 'n paar mandjies gekoop en dit teruggebring Suid-Afrika toe. Die onderneming het kussings gemaak wat daarin pas en só is die produkreeks verder uitgebrei.

Maar toe besluit Coetzee om eerder een van die kerfmasjiene na Mosambiek te neem en daar 'n bedryf op die been te bring. Die eerste vervaardiger daar is nou aan die gang.

Volgens Coetzee word byna ál die mandjies en kussings wat in Mosambiek gemaak word, na Amerika uitgevoer. Daar is ook heelwat belangstelling in Europa, veral Nederland.

In Botswana is daar nou twee van die kerwers in bedryf en een van die eienaars het by die skema ingeskakel.

Maritha sê van die idees vir nuwe kussingontwerpe kom van verskillende tehuise vir bejaardes in die provinsie. Personeel neem 'n besondere behoefte waar en kom hoor dan by haar of sy kan help.

Sy lees dan op, kyk op die internet en gesels met kundiges oor wat gedoen kan word.

Van die kussings en stopsels word met 'n mengsel van 'n bleik- en ontsmettingsmiddel behandel om te voorkom dat myte daarin beland. Hulle maak ook kussings van 'n materiaal met baie klein gaatjies in vir ventilasie. Só word gekeer dat bakterieë en swamme daarin lewe. Dié reeks word veral vir hospitale gemaak.

Die kerfmasjien het dus gelei tot 'n bedryf wat spesiale kussings maak wat goedkoper is as die ingevoerde produkte en in die meeste gevalle ook beter werk.

Só lyk die masjien wat plastiek met swaailemme in stukkies kerf sodat kussings daarmee opgestop kan word. Met die saaglem word groot stukke plastiek eers kleiner gesny en dan in die masjien ingevoer.

BO: P.M. Coetzee wys hoe lyk die plastiek wat gekerf is en reg is om in die kussings gestop te word.

INLAS: Van die kussingslope is versier. Daar word ook kussings vir tuinstoele gemaak. Slaapsakke en matrasse is nou in die visier.

REGS: Sowat 23 verskillende soorte kussings kom uit die projek. Baie daarvan is vir mediese gebruik bestem.

BO: Mnr. Philip Coetzee en sy vrou, Maritha, in die werkskamer waar die kussingslope ontwerp en gesny word. Vroue van die dorp werk die nate toe vir ekstra sakgeld.